INHOUD

INLEIDING 1

ONDERWYS

Beheerliggaam 2
Onderwyspersoneel 3
Nie-doserende personeel 4
Oueronderwysersvereniging 5
Ondersteunersvereniging 5
Leerlingraad 5
Verteenwoordigende Raad van Leerders 7
Inskrywing en Skoolbywoning 8
Eksamenuitslae 2005 8
Olimpiades 9
Rekenaars 10
Loopbaandae 10

BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

Geestelik

Verenigende Christen-Studentevereniging 11
Skoolverlaterskamp 12

Kultuur

Spraakkuns 12
Vasvra 14
DF Applous 14
Skooltydskrif - Malherbiet 15
Koor en Musiek 15
ATKV 16

Matriektoer 17
Matriekdans 17
Leerder-polisiëringsforum 17
Noodhulp 17
Bloedskenk 18

Sport

Atletiek 18
Gholf 20
Hokkie (dogters) 21
Hokkie (seuns) 22
Krieket 23
Dogterskrieket 24
Landloop 24
Muurbal 25

Netbal 26
Rugby 27
Skaak 28
Tennis 30
O.P. Verteenwoordigers 30
Ander Prestasies 31

FINANSIES 36

IN MEMORIAM 37

ALGEMEEN
Gebedsgroep 37
D.F. Malherbe Gedenklesing 37
Bemarking 38
Oudskoliere 38
'n Besondere Gebeurtenis 39

'N DRINGENDE VERSOEK 39

TEN SLOTTE 39

Een mens met moed is 'n meerderheid.
MIGUEL DE CERVANTES

'n Reis van duisend myl begin
met die gee van 'n enkele tree.
CONFUCIUS

JAARVERSLAG : 2005/2006

1. **INLEIDING**

Die jaar 2006 met al sy woelinge, ook op onderwysgebied, is verby. Soos in die verlede was dit vir onderwysers bykans onmoontlik om ‘n balans te kry tussen die eise van die onderwysowerhede, dit wat ons professionele gewetens vir ons sê, die verwagtinge van ouers wat al hoe meer skoolgeld moet betaal, en die realiteite in die klaskamer.

Die grootste omwenteling was sekerlik die implementering van die Nasionale Kurrikulum Verklaring. Ná al die gepraat, geskryf en opleiding was vanjaar se Graad 10's die eerstes om hiermee te begin. Daar is met ‘n nuwe vakkeuse, nuwe vakke en nuwe handboeke begin. Ek kan rapporteer dat DF, soos in die verlede, geslaag het om hierdie geleentheid aan te gryp en ‘n voorloper te bly.

Ons het ook ná die Junie-eksamen die vakkeuse in heroorweging geneem en ‘n aanpassing of twee gemaak. Ons voer in 2007 ‘n nuwe vak Ingenieurs-Grafika en Ontwerp in, en 2007 se Graad 10 Malherbiete sal saam met ons bure van Theodor Herzl Visuele Kuns as ‘n agste vak na-ure kan neem. Ons leerders het dus tans die geleentheid om twee vakke, Musiek en Visuele Kuns, as agste vak te neem. (Die leerders in die Verdere Onderwys en Opleiding fase - Graad 10 tot 12 - neem 7 vakke waar hul voorgangers ses gehad het.) Die Beheerliggaam het verder besluit dat alle leerders (behalwe Graad 12) aanstaande jaar hul handboeke sal moet koop.

Saam met hierdie omwentelinge was daar die gewone jakkalse (definitief nie almal kleintjies nie!) wat dreig om die wingerd te verniel, maar ek gaan hulle nie vanjaar weer vir u noem nie. Ten spyte hiervan kan ek onomwonde sê dat daar nog steeds oorweldigend rede is dat die hele DF gemeenskap dankbaar en trots kan wees op dit wat deur die krag en genade van die Here vermag is.

Mag die lees va die volgende bladsye u ook hiervan oortuig!

2. **ONDERWYS**

2.1 **BEHEERLIGGAAM**

Die verkose Beheerliggaam is tans:

Voorsitter:	Prof. J.J. van Wyk
Onder-voorsitter:	Mnr. P. Horn
Sekretaresse:	Mev. P. Vosloo (opvoeders)
	Mev. L. Crouse
	Mev. R. Dippenaar
	Mev. D. Ferreira
	Dr. A. Geyer
	Mnr. M. Petzer (tesourier)
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnre. D. Bezuidenhout, H. Potgieter
Leerderverteenwoordigers:	Jani Venter, Jacomien Hauman

Nadat die vorige Beheerliggaam se termyn verstryk het is ‘n verkiesing op 1 Augustus gehou. Die sewe genomineerde ouers is onbestrede verkies. Die twee leerderverteenwoordigers, Steffan Raubenheimer en Janneke Wolmarans, is deur bogenoemde twee vervang.

Die jaar 2006 is met baie moed en entoesiasme aangepak, maar dit is ongelukkig gedemp deur die stadige invloei van inkomste uit ouergeledere. Geen vordering kon dus gemaak word met kapitaal-projekte soos die teeblad en die leerdersentrum nie. In 2007 is dit noodsaaklik om die rekenaarsentrum te verdubbel en die parkeerterrein en omliggende paaie te teer. ‘n Baie dringende, dog ernstige beroep word dus gedoen op alle ouers om asseblief:

1. skoolgeld te betaal, selfs al kwalifiseer u vir kwytskelding;
2. alle fondsinsamelingspogings van die Bemarkingspan en enige ander persoon of persone te ondersteun;
3. die OOV en die Ondersteunersvereniging aktief te ondersteun.

Ons maak staat op elke persoon betrokke by DF om dit weer in 2007 dié staatmakerskool van die Metropool te maak. Elkeen se pogings en bydrae daartoe word ten seerste waardeer en ons dank u by voorbaat vir u ondersteuning.

2.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:
Mnr. P. Hauman M.Sc., B.Ed.

Adjunkhoof:

Mnr. T.P.A.L. van Wyk B.A., H.O.D.	-	Gesk., Afrikaans

Departementshoofde:

Mnr.E. Erasmus B.Comm.(Ed.), B.Ed.	-	Handelsvakke
Mej. A. Bosch B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	-	Afrikaans
Mnr. J. de Jager B.A., M.Ed.	-	Afrikaans
Mev. M. Hanekom	-	Handelsvakke
Mev. M. McFarlane M.A. (Maatsk.), S.O.D.	-	Geskiedenis
Mev. P. Vosloo B.A.(Hons.), H.O.D.	-	Xhosa

Onderwysers:

Mev. J.A. Anderson B.A., H.O.D.	-	Engels
Mnr. D. Bezuidenhout B.A., H.O.D.	-	Engels
Mej. A. Carstens H.O.D. (Handel)	-	Handelsvakke
Mev. P. Gouws B.Comm.Rat.	-	Handelsvakke
Mev. D. Griffin N.Dip.Lib. en Info.Sc.	-	Rek.-geletterdheid
Mnr. D. Jacobs B.A. (Hons.), MSS	-	J.O.T.
Mej. E. Jonker B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Aardrykskunde
Mej. C. Killian B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Engels, Afrikaans
Mev. C. Landman B. Mus.	-	Musiek, K&K
Mnr. L. Notuku B.A., H.O.D.	-	Xhosa
Mnr. F. O'Connell B.Sc.	-	Wiskunde, Skeinat
Mev. M. Odendaal B.Sc., H.O.D.	-	Wiskunde
Mnr. F. Roets B.Ed. (FET) N.S.	-	Biologie, Wiskunde
Mev. M. Röth M.Sc.	-	Skeinat, Wiskunde
Mnr. L. Sangerhaus P.O.D., O.D. (Handwerk)	-	Houtwerk
Mev. A.M.B. Scholtz B.A., H.O.D.	-	Afrikaans, Engels
Mej. M. Scholtz B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Wiskunde, Engels
Mnr. J.M. Smit O.D., H.O.D.	-	Biologie
Mnr. M.L. Smith B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Biologie
Mev. H.E. Steenkamp M.Mus.,ODMS, UVLM	-	Musiek, MSW
Mev. A. van der Merwe B.A., S.O.D.	-	Afrikaans
Mnr. M. van Zyl B.A., H.P.O.D.	-	Biologie
Mev. M. Visser B.Huish. (Ed.)	-	Huishoudkunde

Aan die begin van hierdie jaar het die volgende persone by ons aangesluit: Mnr. L. Notuku (Xhosa - deeltyds - in die plek van mev. Schoeman) en mev. P. Gouws (Handelsvakke - deeltyds - in die plek van mev. Moore). Mev. A.M.B. Scholtz is gevra om aan te gaan nadat haar waarnemende betrekking verstryk het, maar ons nie iemand in haar plek kon kry nie.

Die volgende persone is/was in waarnemende betrekkings: mev. J. Anderson (mev. Van Straten, bedank), mev. K. Ruddy (mej. Carstens, verlof), mev. O. Ford (mej. Bosch, siekteverlof) en mnr. L. Oosthuizen (mnr. Potgieter, siekteverlof). Mev. A. Hobson het ook na-ure gehelp om vir ons Drama-leerders klas te gee ná mev. Van Straten se vertrek.

Mev. H.J. van Straten het einde Augustus bedank om na Gauteng te verhuis. Sy was sedert Januarie 2004 by DF. Ons moet ook aan die einde van dié jaar afskeid van mnr. J. Smit (ná 5¾ jaar) en mev. Anderson (ná 'n kwartaal) neem. Ons dank gaan aan hulle vir dit wat hulle in belang van DF gedoen het.

Die DF gemeenskap is op 5 Oktober geskok deur die heengaan van mev. Stephanie Labuschagne (Juffrou Twiggy) wat einde Junie 2005 afgetree het ná 36½ jaar by DF. Op 13 Oktober is die roudiens in ons skoolsaal gehou en bygewoon deur 'n groot aantal oud-personeellede en oud-leerders. Ons bring hier weer hulde aan haar vir die manier waarop sy haar werk as onderwyser gedoen het - uiters toegewyd met 'n groot liefde vir kinders en ongelooflike lojaliteit teenoor DF.

2.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Hierdie baie hardwerkende span het genadiglik dieselfde gebly.

Sekretaresse:	Mev. L. Peens
Boekhoudster:	Mev. B. Burns
Administratiewe Assistente:	Mev. E. Fox
Bemarkingsbeampte:	Mnr. B.R. Vorster
Sport-organiseerder:	Mev. S. Ferreira
Laboratorium Assistente/Bibliotekaresse:	Mev. E. Serfontein
Voorman:	Mnr. H. Potgieter

2.4 **OUER-ONDERWYSERSVERENIGING**

Onder leiding van mnr. J. Bekker (voorsitter), mev. L. Kermanshahi-Rad (sekretaresse) en mnr. W. Gerber (tesourier) het die OOV vanjaar weer goed aan die gang gekom.

Waardevolle diens is tydens die D.F. Malherbe Gedenkweek gelewer en dié span se bydrae het baie tot die sukses van dié week bygedra. 'n Kermis is gereël waar R6 000 ingesamel is. 'n Groepie pa's het die seuns-kleedkamers onder hande geneem, en dit opgeknap sodat ons weer trots daarop kan wees. By mev. Labuschagne se roudiens het die OOV weer reggestaan met verversings.

Baie dankie aan ALMAL wat so hard gewerk het!!

2.5 **ONDERSTEUNERSVERENIGING**

Nadat die Beheerliggaam besluit het om die sportklubs te ontbind is 'n Ondersteunersvereniging in die lewe geroep. Adv. Anton Kilian neem die leiding hier en ons sien uit na hulle bydrae. Die doel is aanvanklik om ouers saam te snoer en ook om moontlike finansiële hulp aan leerders te gee (op kultuur- en sportgebied).

2.6 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2005/2006, onder leiding van Steffan Raubenheimer, Janneke Wolmarans (hoofleiers), Hein Potgieter en Charlotte Hauman (onderhoofleiers), het 'n interessante en suksesvolle ampstermyn beleef. Groot waardering is deur almal, personeel, ouers en leerders, uitgespreek vir die verantwoordelike wyse waarop hierdie span hulle pligte aangepak en deurgevoer het.

Aan die begin van hulle ampstermyn het die span Staatmakers 'n opleidingskamp by die VCSV-terrein te Elandsrivier bygewoon waartydens die vier hoofleiers verkies is. Hierdie viertal het aan die einde van 2005 'n simposium (gereël deur die ATKV) bygewoon. Gedurende die eerste week van die tweede kwartaal het die hele span vir 'n kits-opvolgkamp na Rus en Vrede gegaan. Aspekte soos Samewerking, Probleemoplossing, Prefekteraad-funksionering, Kommunikasie, Konflikhantering, Groepmoreel en -klimaat is behandel. Hierdie opleidingsgeleenthede het as grondslag gedien vir 'n baie suksesvolle diensjaar.

Groot moeite is deur die Staatmakers gedoen om die nuwe graad 8-leerders tuis te laat voel en hulle ten opsigte van die hoërskool te oriënteer. Ander verantwoordelikhede van die Staatmakers sluit in: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die byhou van 'n verjaarsdag- en plakboek, die daaglikse hys en stryk van die lands- en skoolvlag, die byhou van datums en kennisgewings op die kennisgewingborde, skakeling tussen personeel en leerders en met ander skole, ens. 'n Suksesvolle speelgoedinsameling ten bate van "Aids Haven" is onder leiding van Beáte Barnard geloods. Celeste Kruger was weer aan die roer van sake tydens 'n heerlike Spaanse aand. Die span het ook gesorg dat daar weekliks vars blomme in die skool se voorportaal pryk en met lentedag is elke personeellid met 'n ruikertjie verras. Die span het ook groot moeite gedoen om van die jaarlikse Seestap 'n heerlike avontuur te maak.

Hierdie Staatmakerspan het op vele terreine en by verskeie geleenthede die skool se naam hoog gehou en met groot eer gedien. Ons eer hulle daarvoor en dank hulle opreg vir hulle onbaatsugtige diens aan die skool en gemeenskap.

Ons kan opreg trots wees op so 'n span!

Die Staatmakerspan het uit die volgende lede bestaan:

Beáte Barnard	***Ryno Nortje***
Dewald de Vos	***Liesl Oosthuizen***
Kim Dickason	***Edward Pienaar***
Nicky du Toit	***Hein Potgieter***
Tanya Dutton	***Steffan Raubenheimer***
Ryno Els	***Lily Seyisi***
Wouter Ferreira	***Lizelle Steunenberg***
Bianca Groenewald	***Bianca Swanepoel***

Charlotte Hauman	***Darinka Theron***
Seugnet Horn	***Carmen van Heerden***
Elzahn Keyser	***Tinus van Rooyen***
Celeste Kruger	***Elzé Vermaak***
Charl Liebenberg	***Ilze Visser***
Charl Marks	***André Willemse***
Esther McFarlane	***Janneke Wolmarans***
Roné McFarlane	***Jovan Wright***

(Mnr. J. de Jager en mev. P. Vosloo)

2.7 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS**

Die VRL het vanjaar weer opgetree as skakel tussen die personeel en leerders. Die skoonmaak van klaskamers, bidbeurte, verjaardagge-lukwensinge, ensovoorts is onderling in registerklasse gereël.

Soos in die verlede was die samestelling van die huiswerkboekie 'n groot projek.

Die graad 11 BO-klas het 'n spesiale projek met Moedersdag geloods toe hulle 'n mooi geskenkie en 'n kaartjie vir elke dame in 'n ouetehuis gaan gee het.

Die VRL het vanjaar ook Lentedag vir elke onderwyser spesiaal gemaak.

Die graad 10 en 11 VRL-lede het op Maandag, 6 Maart die wonderlike geleentheid gehad om tydens 'n opedag die Merryvale skool te besoek. Hierdie besoek het ons almal weer diep laat nadink oor wat ons is en wat ons het. Ons het besef dat net onverdiende genade die verskil tussen ons en hulle is. Elkeen is met diepe dankbaarheid vervul oor ons verstandelike vermoëns, ons fisieke gesondheid en ons toekomsmoontlikhede. Dit is nie die ontstellende en die hartseer wat by ons sal bly nie, maar wel die vriendelike en spontane leerders, die geduld en toewyding van die onderwysers en die vreugde oor 'n klein bietjie vordering.

Die volgende leerders is vir die nuwe termyn aangewys: Jani Venter is as voorsitter en Chris Serfontein as ondervoorsitter verkies.

8CA	Annika Theron en Liaan Buys	8OD	Esté Burger en Stephan Cloete
8ST	Monique J. van Rensburg en Louw Marais	8VZ	Simoné Trytsman en Marius Visser
9KI	Jacomien Hauman en Rikus van Eeden	9JO	Janneke Heutink en Tertio Esterhuysen
9OC	Nicolene de Jager en Nyameko Mangani	9SA	Maryke van Zyl en Reginald Hufkie
10SC	Amy Rheeder en Diederick Dippenaar	10VI	Natasja Gerber en Llewellyn Barnard
10GR	Debbie Steyn en JC Wagener	10VS	Lézane McHugh en FC Marx
11AN	Jani Venter en Evan van Rensburg	11RO	Amor Coetzee en Kevin Fourie
11BO	Lizé Kriel en Werner Norval	11MS	Inge Strydom en Chris Serfontein

Jani Venter en Jacomien Hauman verteenwoordig die VRL tydens Beheerliggaam-vergaderings.

(Mej. A. Bosch)

2.8 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2003	**2004**	**2005**	**2006**
Gemiddelde inskrywing	637	585	608	586
Persentasie bywoning	97,9 %	96,2 %	96,1 %	95,2 %

(Mnr. A. van Wyk)

2.9 **EKSAMENUITSLAE 2005**

Graad	**Aantal kandidate**	**Aantal druipelinge**	**Slaagpersentasie**
8	134	4	97,0 %
9	119	0	100 %
10	126	7	94,4 %
11	117	1	99,1%
12	111	1	99,1 %
TOTAAL:	**607**	**13**	**97,9 %**

Daar was 14 kandidate wat die Senior Sertifikaat-eksamen (2005) met 'n A-totaal geslaag het:

Melinda Botha	***Martin Marx***
Karlien Doubell	***Aluschka Nel***
Elske Ferreira	***Franco Nel***
André Laas	***Kim Nel***
Melanie Lombaard	***Karien Petzer***
Saskia Loots	***Nina Rossouw***
Jaco-Louis Maritz	***Leanne Vermaak***

Vier van dié oud-Malherbiete het verder presteer deur onder die eerste honderd kandidate in die Oos-Kaap te eindig:

2.10 **OLIMPIADES, ENS.**

2.10.1 **Afrikaans Olimpiade**: Charlotte Hauman behaal die pragtige prestasie deur tweede in die Oos-Kaap en sesde landswyd te eindig. Roné McFarlane eindig vyfde en Tanya Dutton negende in die Oos-Kaap.

2.10.2 **Taalbond**: Ons leerders het wonderlik in hierdie jaarlikse landswye tweetaligheidskompetisie presteer. Charlotte Hauman (senior) behaal die gesamentlike derde plek en Amy Rheeder (junior) is een van net 20 leerders wat hierdie eksamen met lof geslaag het.

2.10.3 **Skryfskool**: Twee van ons leerders, Liesl en Carina Scheepers, het op Vrydag, 24 Februarie 'n skryfskool, aangebied deur prof. Hans du Plessis, by Hoërskool Framesby bygewoon. Hulle het dit baie verrykend gevind.

2.10.4 **Skryfwedstryd**: In 'n landswye skryfwedstryd van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging het Charlotte Hauman die derde prys in die senior afdeling verower met haar kortverhaal *Skaakmat*. Altesame 597 inskrywings is in die kompetisie vir beoordeling voorgelê.

2.10.5 Ons is dankbaar om te kan getuig dat leerders in groot getalle aan Wiskunde kompetisies begin deelneem. Hierdie positiewe tendens is vir ons 'n besliste bewys van die groeiende belangstelling deur leerders in Wiskunde buite die klaskamer. Uitslae was soos volg:

Harmony Gold Wiskunde-kompetisie: Die volgende leerders het na die tweede rondte van hierdie kompetisie deurgedring: Philip le Grange, Jason Miskin, Leo Hulsman, Nicola Alberts, Jacomien Hauman, Jeannè Scholtz, Wilmie Scholtz en W.P. Naude.

Amesa Wiskunde-kompetisie: Die volgende leerders het na die finale rondte deurgedring: Juniors - Nicola Alberts, Elizabeth du Toit, Jacomien Hauman, Ulrïch Rademeyer en Jeannè Scholtz; Seniors - Heinrich Basson, Heinrich Biermann, Donnay Brown, Marelize Dalton, Kristine Dutton, Tiaan Jonker, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Amy Rheeder, Larita van Wyk en Wessel van Wyk, met die finale uitslae soos volg: Prys en Goud: Amy (graad 10); Goud: Jeannè (graad 9) en Wessel (graad 11); Silwer: Elizabeth (graad 8), Jacomien (graad 9), Heinrich (graad 10) en Kristine (graad 10).

2.10.6 **Sanlam Wêreldkennis-Olimpiade**: Tien leerders vanaf graad 8 tot 12 het vanjaar aan dié Olimpiade deelgeneem. Charlotte Hauman (graad 12) het uitstekend gevaar deur 'n derde plek en 'n bronsmedalje in die Oos-Kaap te verower met 'n gemiddeld van 84,71 %.

2.11 **REKENAARS**

Ons het in 2007 begin met Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) in Graad 10. Die vak vervang die vak Rekenaarstudie SG. Daar was 57 RTT leerders in Graad 10 en 33 Graad 11 Rekenaarstudie SG leerders. Hierdie jaar het ons eerste groep (29) Rekenaarstudie SG leerders matriek geskryf.

(Mev. D. Griffin)

2.12 **LOOPBAANDAE 2006**

Moeite word gedoen om loopbaandae vir graad 11 en 12 leerders te reël om hulle by te staan in die uitdagende taak om 'n beroepskeuse te maak. Graad 11 leerders het die jaarlikse Inkanyesi-NMMU loopbaandag in die Veremarksentrum besoek waar 'n wye verskeidenheid uitstallers beroepe aan leerders bekend gestel het.

Die NMMU-opedag is ook deur leerders bygewoon. Die Wes-Kaapse loopbaanuitstallersvereniging het reeds 'n datum vir 2007 bespreek om 'n uitstalling oor beroepsgeleenthede in die Wes-Kaap in die skoolsaal te hou waar ander skole in Port Elizabeth ook genooi gaan word om die uitstalling te besoek. Die hele skool sal in klasverband die uitstalling kan bywoon.

Leerders word ook aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon sodat kennis oor verskillende beroepe ingewin kan word en leerders 'n meer ingeligte keuse kan maak.

(Mev. M. McFarlane)

3. **BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE**

3.1 **GEESTELIK**

3.1.1 **DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)**

Die VCSV is 'n belangrike deel van die jaarlikse skoolprogram en bied elke jaar 'n wye verskeidenheid aktiwiteite en projekte aan waaraan leerders kan deelneem.

LEDETAL: Hierdie jaar was daar ongeveer 240 ingeskrewe lede, waarvan 40 kringleiers was. Weer eens was daar 'n bestuur van 10 lede met Tanya Dutton aan die stuur, asook mej. Martie Scholtz en mnr. Derek Jacobs, die JOT onderwyser, van die personeel se kant af.

BYEENKOMSTE: Daar is elke Vrydagmiddag vanaf 13:30 tot 14:10 byeenkomste in kringe en elke Vrydagoggend vóór skool word daar saam gesing. Woensdae tydens tweede pouse word daar in groepies op die hokkieveld saam gebid.

BASAAR: Ons basaar was 'n reuse sukses en het 'n wins van R8 500 getoon. Leerders en ouers het almal ewe hard gewerk.

KOFFIEKROEË: 'n Koffiekroeg is elke kwartaal gehou, en die bywoning was elke keer goed.

VAS en WAKKERBLY AAND: Daar is ook weer 'n vas en wakkerbly aand gehou wat deur ongeveer 80 leerders bygewoon is. Hierdie jaar het ons geld ingesamel vir 'n Christen-dorpie in die Wes-Oewer in Israel. Hierdie dorpie is onlangs verwoes, en 'n bedrag van R6 500 is vir hulle ingesamel.

TAKKAMP: Vanjaar se takkamp was soos gewoonlik ‘n fees. Die VCSV se diensjaarspan van Jeffreysbaai het die kamp kom aanbied en dié span was voorwaar ‘n treffer. Hegte verhoudings is gesmee, lekker musiek is gemaak, fantastiese kringe is aangebied en groot groei het plaasgevind.

Baie dankie aan al die leerders en hul ouers, die personeel en die bestuur vir al die harde werk gedurende die jaar.
Weer eens gaan al die lof en eer aan ons Here Jesus Christus.

(Mnr. D. Jacobs - JOT)

3.1.2 **SKOOLVERLATERSKAMP**

Soos gewoonlik is ’n skoolverlaterskamp gedurende die Junie-vakansie gehou. Matrieks van regoor die Oos-Kaap het bymekaargekom. Die Malherbiete wat dit bygewoon het, het dit terdeë geniet. Dit was volgens hulle ’n wonderlike ervaring om met matrieks uit ander skole saam te kom, en verskeie nuwe vriendskappe is gevorm. Waardevolle kennis en ervaring is opgedoen wat ons matrieks baie sal baat in die toekoms.

(Mnr. D. Jacobs - JOT)

3.2 **KULTUURVERENIGING**

Die deelname van ’n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is ’n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

3.2.1 **SPRAAKKUNS**

Die Redenaars- en Debatsvereniging het ’n baie besige jaar beleef. Die jaar is afgeskop met ‘n opleidingsgeleentheid vir leerders wat nog nooit vantevore aan ‘n redenaarskompetisie deelgeneem het nie.

Op 2 Maart is die jaarlikse Senior Redenaarskompetisie gehou. Ons leerders het soos gewoonlik ‘n baie hoë standaard gestel en die beoordelaars beïndruk. Dit was egter teleurstellend dat slegs een seun aan die kompetisie deelgeneem het en nie ‘n enkele Malherbiet die moeite gedoen het om hul maats te kom ondersteun nie. Dit was ook ‘n aand wat met ‘n tikkie hartseer gepaard gegaan het, omdat dit ná vyf jaar se getroue deelname Charlotte Hauman en Liesl Oosthuizen se laaste interne kompetisie was. Uitslae: eerste - Charlotte Hauman; tweede - Roné McFarlane; derde - Lindy Scott en vierde - Lizelle Steunenberg.

Op 7 Maart het die Junior Redenaarskompetisie aan die beurt gekom. Tien graad 8- en 9-leerders het mekaar die stryd aangesê. Weer eens was dit uiters teleurstellend dat net een seun deelgeneem het en slegs twee Malherbiete as toeskouers opgedaag het. Die graad 9's se ervaring en selfvertroue het in hul guns getel. Uitslae: eerste - Jacomien Hauman, tweede - Jeannè Scholtz en derde - Emma Kotze.

Op Vrydag, 5 Mei, is die ATKV Redenaarskompetisie se streeksuitdunne by Hoërskool Framesby gehou. Sewe van ons redenaars het hieraan deelgeneem. Jeannè Scholtz, Jacomien Hauman, Emma Kotze, Roné McFarlane, Charlotte Hauman en Lizelle Steunenberg het almal tot die onvoorbereide ronde deurgedring. Dit beteken dat hulle onder die beste sprekers in hul kompetisie was. (Daar was vier kompetisies.) Emma en Roné is as reserwes in hul afdelings aangewys. Jacomien was die wenner in haar afdeling terwyl Charlotte die derde plek in haar afdeling ingeneem het.

Op 2 Junie het die twee Hauman-sussies ons skool by die Streekskompetisies verteenwoordig. Veral Charlotte het met haar onvoorbereide toespraak getref.

By die tussenskoolse Redenaarskompetisie het Charlotte tweede in die senior afdeling geëindig terwyl Jacomien haar staal in die junior afdeling gewys het.

Wat debat betref het twee junior spanne en een senior span aan die ATKV Streekskompetisie deelgeneem. Die juniors het dapper probeer, maar hul gebrek aan ervaring het teen hulle getel. Met Amy Rheeder en Lindy Scott het dit baie beter gegaan. Alhoewel hulle eintlik nog juniors is, het hulle ter wille van groter blootstelling verkies om aan die senior afdeling deel te neem. Hulle het vierde uit die nege spanne geëindig en ook hul eie debat gewen. Daar was net 4 punte verskil tussen die eerste vier spanne. Die beoordelaars het gepraat van hul verfynde en afgeronde toesprake, hul briljante bronneverwysings en dat hulle uitsien daarna om hulle volgende jaar te hoor. Jeannè Scholtz en

Wilmie Scholtz se toewyding en pligsbesef verdien spesiale vermelding. Hulle het ‘n item by die S.A. Sierswemkampioenskappe gekanselleer om betyds terug te wees vir die debat omdat hulle nie hul spanmaat in die steek wou laat nie.

Lindy en Amy het toe op 10 Junie aan die halfeindronde van die ATKV se Nasionale Senior Dabatkompetisie, wat in Bloemfontein gehou is, deelgeneem. Hulle het in die eerste ronde teen die sterk en ervare span van Hoërskool Voortrekker te staan gekom, en alhoewel hulle hul bes gedoen het, het Voortrekker die debat gewen. Voortrekker was dan ook die algehele wenners aan die einde van die kompetisie. Lindy en Amy het as die “spookspan” teen Hoërskool Riebeeckstad deelgeneem. Hulle het hierdie debatsgesprek oortuigend gewen.

Tydens die Interskole teen Nico Malan het Amy, Lindy, Roné en Esther McFarlane die debat oortuigend gewen.

Die debatseisoen kon beslis nie op ‘n beter noot afgesluit geword het nie.

(Mej. A. Bosch)

3.2.2 **VASVRA**

Die Interskole vasvraspan bestaande uit Charlotte Hauman, Ryno Els, Ruan Marais en Philip le Grange het DF teen Nico Malan verteenwoordig en ongelukkig met 64 - 65 verloor.

Die gewilde *Herald Schools’ Quiz* het nie in 2006 plaasgevind nie weens ‘n gebrek aan borgskap.

Baie dankie aan Charlotte Hauman en Ryno Els vir 3 jaar se getroue deelname aan alle vasvrakompetisies.

(Mej. C. Killian en mnr. D. Bezuidenhout)

3.2.3 **DF APPLOUS**

Die hoogtepunt van die jaar se bedrywighede was die toneelaand wat in die D.F. Malherbe Feesweek gehou is. Ses eenbedrywe, waarvan drie deur leerders self geskryf is, is op die planke gebring.

Die regie is deur die talentvolle Malherbiete self behartig, en die waarderende gehoor is vergas op ‘n aand met ‘n mengsel van komedie en ernstige stukke.

Drie stukke is toe vir die ATKV-Tienertoneelfees ingeskryf en hier het DF gewys dat hy kan saamgesels op toneelgebied. Tydens hierdie ronde word slegs silwer- en bronssertifikate toegeken. Ons het nege individuele toekennings ontvang. Vir *Liesbeth slaap uit* die volgende: Me Karen Hauman vir die teks (silwer); Charlotte Hauman en Roné McFarlane vir verhoogbestuur en tegnieke (brons); Charlotte vir haar vertolking van Kotie (brons); Roné vir haar vertolking van Liesbeth (brons) en Esther McFarlane vir haar vertolking van Martha (brons). Vir *Mamma het Planne* die volgende: Karlien Matthee vir haar vertolking van die jong dogter (brons) en Lindy Scott vir haar vertolking van mev. Swart (brons). Vir *Liefdesdriehoeke, -vierkante en sirkels* die volgende: Elzahn Keyser vir haar vertolking van Jane (brons).

By die D.F. Malherbe Gedenklesing het ‘n groepie leerders ook die gehoor beïndruk met hul uitstekende gedramatiseerde voorstelling van sommige van Lina Spies se gedigte.

3.2.4 **SKOOLTYDSKRIF : MALHERBIET**

Malherbiet het onder die bekwame en toegewyde leiding van Tanya Dutton ‘n besonder suksesvolle jaar beleef. ‘n Hoë standaard is gehandhaaf en aan entoesiasme het dit nie ontbreek nie. Die opleidings- en geesbou kamp te Loerie was ‘n besondere geleentheid en het beslis as motiverende faktor gedien.

Die Valentynsbal, Voorafnooi en die Voorbladnooi, asook die werwing van advertensies was soos in die verlede uiters geslaagde projekte. Sonder die ondersteuning van die skool, die ouers en sakelui van Port Elizabeth kan die redaksie nie ‘n kwartaalblad van gehalte publiseer nie. Aan almal wat ‘n aandeel in die sukses van Malherbiet gehad het, wil ons baie dankie sê.

Die Voorbladnooifunksie het byval by oud en jonk gevind en almal kon heerlik “Rock in my Taal”. Aan die personeellede - mev. P. Vosloo, mev. M. Scholtz, me. M. Scholtz en mev. D. Griffin - sonder hulle reuse bydrae, sou daar geen Malherbiet of funksie gewees het nie, baie dankie!

(Mev. M. McFarlane)

3.2.5 **KOOR EN MUSIEK**

Die volgende leerders was vanjaar DF se verteenwoordigers in die Oos-Kaapse Jeugkoor: Lizanne du Plooy, Hendry du Toit en Herman Geyer, wat ook ‘n komiteelid was.

Kabaret: 2006 het ‘n paar hoogtepunte vir “*Silhouette*” ingehou. Die Damestee met Brümilda van Rensburg was definitief een van hulle. Dit is deur Laerskool Walmer-Wes aangebied en die kabaret groepie het ná die tyd geleentheid gehad om haar te ontmoet en foto’s te neem.

24 Oktober was ook ‘n groot aand. Ons het ‘n konsert in D.F. Malherbe skoolsaal gehou, ter afsluiting van die jaar. Die konsert was gebaseer op “ou” musiek van die vyftiger en sestiger jare, en ons het dit die “*Jazz-Café*” genoem. Dit was ‘n besondere mooi aand.

Ander optredes sluit in ‘n voorprogram vir Richard van der Westhuizen en Lochner de Kock, asook tydens ‘n ete vir Senior Burgers by die NG Kerk Sentraal.

(Mev. C. Landman)

Die volgende leerders het hulle onderskeie musiekeksamens geslaag: Celeste Kruger - *Royal Schools of Music* prakties graad 7 (viool); Carien Gerber - Unisa prakties voorgraad 1 (klavier) met lof en Unisa teorie graad 2 met lof; Soné Jordaan - Unisa teorie graad 2 en Emma Kotze *Trinity College* prakties graad 6 (viool).

(Mev. E. Steenkamp)

3.2.6 **ATKV DF Patatters**

Die Patatters is die enigste ATKV jeugtak in die Oos-Kaap. Binne ‘n jaar het die tak gegroei van 32 na bykans 60 lede. Tydens die ATKV kongres het die tak die besonderse prestasie behaal om as die aktiefste jeugtak in die land aangewys te word. Projekte soos ‘n Afrikaanse week, wat bestaan het uit: ‘n sokkie, idioomkompetisie, Afrikaanse musiek tydens pouses en ‘n oorspronklike Afrikaanse woord vir elke dag is met groot entoesiasme aangepak en is goed ondersteun. Verder het die tak ook talle gemeenskapsprojekte aangepak, bv. blomme vir die dames van die Buffelsfontein ouetehuis op Vrouedag, verskeie strandsportaanbiedinge en waterpunte, saam met die ATKV Port Elizabeth tak.

Janita Petzer en Chris-Mari Kitshoff het die tak by die jaarlikse ATKV Kongres te Hartenbos verteenwoordig.

Nuwe beoogde projekte sluit in: ‘n optrede deur ‘n kunstenaar, wakkerbly, uitreik en gemeenskapsprojekte.

(Janita Petzer)

3.3 **MATRIEKTOER 2006**

Die 26ste Matriektoer (2006) was soos altyd ‘n besondere ervaring. Ons het op 30 Maart vertrek in twee busse met 74 leerders, 3 bestuurders en 5 personeellede.

Goeie weer het ons toegelaat om al die tradisionele roetes te stap (Sterkhorn, Tugela en Mount-aux-Sources). Verblyf was by die FAK terrein (Bergrus). Verder het ons ‘n roofvoël vertoning tussen die berge bygewoon en aktiwiteite soos “abseil”, “foofy-slide” en boom-swaai gedoen.

Die toer dra beslis by tot ‘n onvergeetlike matriekjaar by DF.

Baie dankie aan die personeel: mejj. Scholtz en Killian en mnre. O’Connell en Roets wat hard gewerk en baie verantwoordelikheid op die toer aanvaar het.

(Mnr. D. Bezuidenhout)

3.4 **MATRIEKDANS**

Die Matriekdans is vanjaar weer in die Veremarksaal gehou. Op 22 Sep-tember is daar op deftige wyse van die 113 matrieks afskeid geneem. Dit was ’n gesellige funksie en beslis ’n geleentheid wat die matrieks as ’n hoogtepunt van hul Graad 12 jaar kan onthou!

(Mev. M. Visser)

3.5 **LEERDER-POLISIËRINGSFORUM**

Hierdie groepie leerders het voortgegaan om DF te verteenwoordig op die forum. Insamelings is gehou en ons is op vergaderings deur die polisie ingelig oor misdaad ens.

(Mnr. J. Smit)

3.6 **NOODHULP**

Ons het vanjaar weer ‘n puik noodhulpspan gehad. Twintig leerders het deelgeneem. Agt leerders het vlak 2 behaal en nege leerders vlak 1. Al die beginners het ook gekwalifiseer.

Onder leiding van mnr. Johan Smit het die leerders by alle tuiswedstryde diens gedoen. Ons noodhulp het uit verskeie oorde lof ontvang vir die manier waarop ons leerders hulle tydens beserings gehandhaaf het.

Ons wil die hoop uitspreek dat noodhulp weer in 2007 sal voortgaan om hierdie puik diens te lewer. Dankie ook aan mev. Van Tonder vir haar hulp.

(Mnr. J. Smit)

3.7 **BLOEDSKENK**

G edurende die loop van die jaar het mej. Bosch en die portuurleiers verskeie funksies en opleidingsgeleenthede van die SANBS bygewoon.

Malherbiete kon vanjaar ongelukkig net drie keer hul moue oprol ter wille van hul medemens. Die vierde kliniek moes as gevolg van Juffrou Twiggy se roudiens gekanselleer word. Die klinieke is meestal in die saal gehou, maar soms moes dit noodgedwonge in busse plaasvind.

Daar is gewoonlik 60 - 70 eenhede per kliniek geskenk. Persentasiegewys het DF vanjaar die tweede meeste eenhede van al die skole in die metro geskenk. Dit doen ’n mens se hart goed om te sien hoeveel van ons leerders bereid is om hierdie opoffering te maak.

Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat vanjaar bloed geskenk het. U het voorwaar ’n verskil gemaak.

Ons portuurleiers verdien ook ’n pluimpie vir die onbaatsugtige diens wat hulle gelewer het.

(Mej. A. Bosch)

3.8 **SPORT**

3.8.1 **ATLETIEK**

Die 2006 seisoen is, tradisioneel, ingelei met ‘n kleurebyeenkoms by die NMMU. Die byeenkoms is gewen deur die BLOU-span. Die volgende atlete het rekords behaal: Natascha de Villiers (o/17) 1 500m - 5:01,3 en 800m - 2:28,8 en Samantha van Zyl (o/17) Gewigstoot - 10,76m.

Die Interskole byeenkoms teen Hoërskool Nico Malan het herbevestig dat DF nog nie ‘n breed genoeg kwaliteitsbasis atlete het om kompeterend teen ernstiger ‘sportskole’ te wees nie. Samantha van Zyl het tydens die byeenkoms ‘n medalje gewen vir die beste prestasie in die dogters o/17-afdeling. Natasja Gerber was die trotse wenner van die senior Victrix Ludorum.

DF was, soos in die verlede, goed verteenwoordig by die Sone 8 byeenkoms met ±160 atlete. Ons atlete was by hierdie byeenkoms uiters kompeterend en het 39 eerste, 35 tweede en 41 derde plekke behaal. Die volgende aflosspanne het ook tydens dié byeenkoms gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole byeenkoms deel te neem: Dogters o/15, o/16, o/17 en o/19 asook seuns o/14, o/15, o/16, o/17 en o/19.

Daar het 90 van ons atlete gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole byeenkoms deel te neem. Ons atlete het die skool met trots verteenwoordig en het 10 eerste, 13 tweede en 12 derde plekke behaal. 34 van ons atlete het hier gekwalifiseer om aan die O.P. Hoërskole byeenkoms deel te neem.

Die volgende atlete is, ná die O.P. Hoërskole byeenkoms, ingesluit in die USSASA O.P.-span wat aan die Oos-Kaap Hoërskole byeenkoms in Oos-Londen gaan deelneem het: Natasja Gerber (400m, Do/16), Natascha de Villiers(800m en 1 500m, Do/17), Samantha van Zyl (Gewigstoot, Do/17), Janneke Wolmarans (Paalspring, Do/19), Bianca Groenewald (1 500m en 300m, Do/19) en Lily Seyisi (Verspring, Do/19).

Bogenoemde dogters het hulle baie goed van hulle taak gekwyt teen die Oos-Kaap se bestes en het die volgende uitslae behaal: Samantha van Zyl - goue medalje (gewigstoot); Natascha de Villiers - brons medalje (1 500m); Lily Seyisi - silwer medalje (verspring); Janneke Wolmarans - goue medalje (paalspring); Natasja Gerber - vyfde plek (400m) en Bianca Groenewald - vyfde plek (3 000m).

Janneke Wolmarans (paalspring), Samantha van Zyl (gewigstoot), Natasja Gerber (400m) en Natascha de Villiers (1500m) het met hulle topgehalte pogings by die Oos-Kaap kampioenskappe gekwalifiseer om aan die Nasionale Hoërskole Kampioenskappe sowel as die ABSA Baan- en Veld Jeug en Junior Kampioenskappe deel te neem.

O.P. (in samewerking met ASA [Atletiek Suid-Afrika]) het ‘n provinsiale middel- en langafstand oefengroep vir die 2006/2007 seisoen gekies. Die oefengroep is gekies op grond van prestasies in die baan- en landloop-seisoen. Bianca Groenewald en Natascha de Villiers is by hierdie groep ingesluit.

Die 2006 seisoen is afgesluit met die jaarlikse *Die Brandwag Engen TOP 10* byeenkoms. Ten spyte van die feit dat slegs ons atlete met “buite” afrigters op vorm was vir dié byeenkoms, het ons atlete dit baie geniet en ons skool met waardigheid verteenwoordig.

Baie dankie aan al ons atlete, ouers, afrigters en kollegas (veral mev. S. Ferreira) wat DF atletiek met soveel oorgawe en passie dien.

(Mnr. M. Smith)

3.8.2 **GHOLF**

Ons kan terugkyk op ‘n baie suksesvolle jaar wat gholf betref. Beide die eerste en tweede gholfspanne het hulle goed van hul taak gekwyt.

Die eerste span het ‘n mooi gemiddelde van 20 punte oor nege putjies gehandhaaf en die tweede span ‘n gemiddelde van 15 punte.

Tydens die uitkloptoermooi van die O.P. het DF vierde geëindig teen sterk skole soos Framesby en Daniël Pienaar.

Sean Roux (graad 10) het uitstekend presteer deur in die tweede laaste wedstryd 27 punte te behaal. Dit is die beste nog ooit sedert ons tien jaar gelede met gholf by DF begin het.

2006 se kampioenskappe is bepaal deur die beste gemiddelde van alle wedstryde gespeel te neem. Baie geluk aan Leon de Beer (senior) en Niel Louw (junior) wat vanjaar se kampioene is.

Graag wil ons dankie sê aan Leon de Beer en Hein Potgieter, die twee matrieks, vir hul baie positiewe bydrae die afgelope jare.
'n Baie suksesvolle gholfdag is op 4 Maart gehou en sal weer D.V. volgende jaar op 10 Maart 2007 by Shark River Gholfklub plaasvind.
Hoewel albei gholfspanne Interskole verloor het, het die ondersteunings-groep die bordjies verhang en maklik gewen.

Dank aan:

- Shark River Gholfklub vir alles wat aan ons gholfspelers aangebied is. Ons waardeer dit opreg.
- Alle ouers en borge vir groot ondersteuning tydens Gholfdag;
- Menere Ouboet du Preez en Francois van Rensburg vir groot hulp gelewer;
- Ons Hemelse Vader wat ons so getrou bewaar het.

Ons sien baie uit na die 2007 seisoen. 'n Goeie jong span bly agter.

(Mnr. T. van Zyl)

3.8.3 **HOKKIE (DOGTERS)**

Wie sou kon dink dat na die ongelooflike jaar van 2005, DF weer so ‘n wonderlike hokkiejaar kon beleef! Vanjaar is die eerstespan vir die eerste keer in die premier-liga ingeskryf, ‘n stap wat oor die afgelope paar jaar lank oorweeg is. Tog het ons meisies hulle baie goed van hulle groot taak gekwyt en ‘n suksesvolle seisoen gehad.

Gedurende die 2005 seisoen moes voorsiening gemaak word vir ‘n ekstra span om al die spelers te akkommodeer. Vanjaar het ons ‘n rekordgetal van 7 spanne in die liga ingeskryf - voorwaar ‘n prestasie vir DF Hokkie.

Namens al die spelers en ouers wil ek graag ons dank betuig aan die afrigters van 2006 vir hulle entoesiasme, toewyding en wonderlike gesindheid. Ons sou dit nooit sonder julle kon doen nie! Hulle is mej. C. Killian en mev. H. van Straten (onderwysers) en buite-afrigters mevv. K. Hauman en C. Kruger, mejj. J. Rossouw en M. Broodryk (doelwagters). Nog ‘n groot woord van dank aan mej. C. Rietmuller wat gereeld op Saterdae as skeidsregter opgetree het.

’n Baie groot woord van dank aan al die ouers vir julle wonderlike ondersteuning tydens oefeninge en wedstryde. Dankie vir julle ongelooflike positiewe bydrae op alle terreine! DF Hokkie en julle dogters waardeer dit baie.

Vanjaar is ‘n uiters geslaagde toer na Kaapstad en die Boland onderneem waartydens 3 wedstryde gespeel is (2 gewen, 1 gelykop). Om die 2007 seisoen af te skop is daar besluit om ‘n oefenkamp onder leiding van me Rona Roelofse (Hoërskool D.F. Malan) te hou op 16 en 17 Maart. Daarna sal daar aan ‘n groot plaaslike toernooi deelgeneem word. Ons sien baie uit daarna!

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14: Dané Gouws
Beste vordering o/16: Jadene Nel
Beste vordering o/18: Anria Kruger
Beste speler o/14: Annika Theron
Beste speler o/16: Zené Annandale
Beste speler o/18: Roelien van Jaarsveld

Meriete is aan Charlotte Hauman, Marné Marais, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Lizelle Steunenberg, Roelien van Jaarsveld en Jani Venter toegeken.

Baie geluk aan al hierdie spelers met hulle onderskeie prestasies.

Die uitslae van die 2006 seisoen:

Span	Liga	Aantal wedstryde	Wen	Verloor	Gelykop
1ste	Premier	18	6	8	4
2de	3de	9	7	1	1
3de	4de	5	0	3	2
o/16A	o/16B				3
o/16B	o/16C	7	0	4	3
o/14	o/14B	7	1	6	0
Beginners	Beginners	7	3	4	0

Spelers van 2006, nog steeds ons trots!

(Mev. P. Vosloo)

BEGINNER-HOKKIE: Die seisoen het op ‘n hoë noot begin toe ons Beginner hokkiespan hul eerste wedstryd teen Framesby Beginnerspan 1 - 0 gewen het. Daar was minder wedstryde as by die ander spanne, aangesien die meeste Engelse skole se meisies reeds op laerskool hokkie speel. Die span het hul wedstryde teen Despatch, Brandwag, Westering en Cradock verloor. Hulle het egter die seisoen afgesluit met ‘n wonderlike oorwinning teen Andrew Rabie.

Baie dankie aan mev. Claudia Kruger, een van ons ouers, wat die span afgerig het. Sy het haar uitmuntend van haar taak gekwyt. Dankie ook aan Jadene Nel, die kaptein, vir al die ondersteuning en entoesiasme.

(Mev. A.M. Scholtz)

3.8.4 **HOKKIE (SEUNS)**

’nGroep entoesiastiese en toegewyde seuns het hierdie jaar met die hulp van 2 buite-afrigters, Bruce Perry en Adrian Marais, DF se naam hoog gehou.

Twee spanne, ‘n o/16 en o/18 span, het in die tweede liga meegeding teen goeie opposisie soos Westering, Grey, Victoria Park en Framesby en hulle man goed gestaan.

Tydens die Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/16	-	Leo Hulsman
Beste vordering o/18	-	André Calitz
Beste speler (junior)	-	Heinrich Basson
Beste speler (senior)	-	Shandon Carvalho

Meriete is ook toegeken aan Charl Liebenberg en Ruan Marais.

‘n Woord van dank aan alle betrokkenes. Ons is bewus van belowende talent en sien uit na ‘n suksesvolle en opwindende 2007 seisoen.

(Mev. M. Odendaal)

3.8.5 **KRIEKET**

Ons het vier spanne ingeskryf vir die 2005/2006 seisoen, naamlik:

eerste span	-	eerste liga
tweede span	-	derde liga
o/15A span	-	o/15B liga
o/14A span	-	o/14B liga

Ons het hierdie seisoen gemengde sukses behaal op die krieketveld met ’n ± 50 % wen rekord. Veral die o/15A span het baie goed presteer.

Daar is weer aan Framesby se sewe-aan-‘n-kant toernooi deelgeneem. Dit was ook die eerste jaar dat ons aan die Standard Bank Pro-Twintig Toernooi, wat in Despatch gehou is, deelgeneem het. Agt spanne het deelgeneem en volgende jaar gaan sestien spanne van verskeie skole deelneem. Ons sien uit daarna.

By die Sport Prysuitdeling is Kobus van der Merwe as die beste senior bouler en Dwaine Lizemore as die beste junior bouler aangewys.

Dankie aan die volgende onderwysers wat gehelp het met die krieket afrigting: mnre. Bezuidenhout, Erasmus, O'Connell en Sangerhaus. Ons wil ook baie dankie sê aan Raymond du Preez wat die afrigter van DF se eerste span was.

Dankie ook aan Ulrïch Rademeyer wat elke Saterdag sowel as weeksdae op sy pos as tellinghouer was, mnr. en mev. Van der Merwe wat elke Saterdag die snoepie beman het, sowel as al DF se ondersteuners.

(Mnr. F. O'Connell)

3.8.6 **DOGTERSKRIEKET**

DF het 2 spanne in die eerste kwartaal en 'n gekombineerde span in die vierde kwartaal gehad wat in die eerste en tweede liga deelgeneem het. Die uitslae was soos volg:

	Span	Aantal wedstryde	Wen	Verloor
Kwartaal 1:	1ste	4	1	3
	2de	6	5	1
Kwartaal 4:	Gekombineerde span	4	3	1

Goeie individuele prestasies het ook daartoe gelei dat drie leerders naamlik Berndine Waldeck, Janita Trytsman en Heidi Felix opgeneem is in die O.P. o/16 span wat gedurende Desember aan die interprovinsiale toernooi in Kaapstad deelneem.

Dankie aan die afrigters, Shafieka Pillay (kwartaal 1) en Chermoné van Vuuren (kwartaal 1 en 4), mnr. Hannes Potgieter, mnr. W. Mostert, terreinwerkers asook die speelsters se ouers vir hul bydraes tot 'n suksesvolle seisoen.

(Mej. C. Killian)

3.8.7 **LANDLOOP**

Die tyd dat ons landloop-atlete ons ding stil-stil gedoen het in DF is vir eers verby. Ons is 'n krag waarmee deeglik rekening gehou moet word. Leonardo de Villiers (afrigter) se liefde vir die sport is aansteeklik en werk deur na ons atlete. Baie dankie aan hom vir die energie wat hy insit. Dit word waardeer.

Veldwedlope, padwedlope, drie- en tweekampe; oral is daar maar 'n DF-atletiekfrokkie te sien. Ons atlete is aktief betrokke by hierdie sporte en behaal mooi uitslae. Hier wil ons noem dat Garth van Eck die Clover 10 km padwedloop in 39 min 55 sek voltooi het terwyl Natascha de Villiers die Dames Senior afdeling in die 5 km wedloop binne 18 min 57 sek voltooi het. Heinrich Thiart het deelgeneem aan die voorysterman kompetisie wat gedurende Maart plaasgevind het. Gedurende die jaarlikse interskole het ons weer albei afdelings (seuns en dogters) gewen - iets wat min ander sporte in DF kon regkry!

Ons atlete vaar goed in die liga-wedlope wat Woensdae plaasvind - Natascha de Villiers het weer eens al die wedlope in haar ouderdomsgroep gewen terwyl atlete soos Ané Ferreira en Anthony Arends uitstekend verbeter het en van hul beste tye behaal het gedurende die afgelope seisoen.

Natascha de Villiers en Ané Ferreira is opgeneem in die O.P.-Landloopspan en hulle twee en Natasja Gerber is gekies as lede van die Nelson Mandela Metro Landloopspan. Natascha behaal 'n vyfde plek en Ané 'n agste plek gedurende die Oos-Kaap Landloop Kampioenskappe gehou in Oos-Londen. Natascha is ook opgeneem in die Oos-Kaap Landloopspan wat aan Nasionale byeenkomste deelgeneem het. Hierdie atlete is 'n groot trots vir ons skool.

By die Sport Prysuitdeling word Natascha aangewys as die beste dogters landloopatleet terwyl Garth van Eck weggestap het met die beker vir die beste seuns landloopatleet. Erekleure is toegeken aan Natascha de Villiers, Ané Ferreira en Natasja Gerber. Meriete is toegeken aan Garth van Eck en Heinrich Thiart.

Mag Landloop groei van krag tot krag in die Hoërskool D.F. Malherbe!

(Mej. A. Carstens)

3.8.8 **MUURBAL**

Die leerders is nog bevoorreg om deur Sticks Viljoen afgerig te word.
Die sterre in vanjaar se span was Lizelle Steunenberg en Rudolf van Nieuwenhuizen wat pragtige spel gelewer het.
Die res van die span se spel het ook pragtig verbeter. Die muurbalspan is besig om in gedugte teenstanders te ontwikkel.
Ons is ook baie trots op Lizelle Steunenberg wat vanjaar weer vir die O.P. span gespeel het.
Ons sien baie uit na volgende jaar se wedstryde!

(Mej. E. Jonker)

3.8.9 **NETBAL**

DF-Netbal het 'n besige seisoen beleef met gemengde uitslae.
Ons het afgeskop met die Despatch toernooi in Maart waarin ons eerste span deelgeneem het. DF vaar uitstekend deur AL hulle wedstryde te wen: Kirkwood (13-4), Andrew Rabie (13-4), Cradock (16-9), Noord-Kaap (12-7) en Hangklip (8-7).
Ons liga wedstryde het in die tweede kwartaal afgeskop en die volgende statistieke is vir 2006 behaal deur ons tien spanne:

	Wedstryde	**Wen**	**Gelykop**	**Verloor**
o/19A	9	6	0	3
o/19B	8	4	0	4
o/19C	6	5	1	0
o/19D	5	3	0	1
o/16A	7	3	0	4
o/16B	7	4	0	3
o/16C	5	4	0	1
o/16D	6	3	1	2
o/14A	6	2	0	4
o/14B	5	3	0	2

Baie geluk aan die volgende speelsters wat in Oos-Kaap spanne opgeneem is: Natasja Gerber en Kerry-Ann Meyer (beide o/16), Larita van Wyk (o/17) en Lily Seyisi (o/19).
In September is daar ook 'n Nelson Mandela Metro span gekies wat in die September-vakansie aan die Oos-Kaap toernooi deelgeneem het. DF se spelers in die span is: Kerry-Ann Meyer, Natasja Gerber, Zebeth Glöss, Adele Botha, Zusi Seyisi en Melany Bain. Daar sal ook uit hierdie speelsters 'n span gekies word wat in 2007 aan die SA Spele gaan deelneem. Ons hou styf duim vas!
Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14 - Megan Badenhorst / Carien Knoetze
Mees belowende speler o/14 - Tanielle Crous
Beste vordering o/16 - Lindie Petzer
Mees belowende speler o/16 - Kerry-Ann Meyer / Melany Bain
Beste vordering senior - Charlene Jonker
Beste senior speler - Natasja Gerber

Meriete is toegeken aan Kim Dickason, Charlene Jonker en Janneke Wolmarans. Speelsters wat erekleure verwerf het, is: Melany Bain, Natasja Gerber, Kerry-Ann Meyer, Lily Seyisi, Zusi Seyisi en Larita van Wyk.

Baie dankie aan al die ouers wat ons so getrou ondersteun het asook ons eerste span borg vir 2006, WK Construction. DF netbal en die speelsters waardeer julle!

Aan elke afrigter 'n spesiale dankie vir al julle tyd, opoffering en entoesiasme tydens oefeninge, wedstryde en spanbou-sessies - julle word baie waardeer! Hulle is mev. E. Fick, mev. A. Van der Merwe, mev. J. Sharp, mev. C. Landman en mej. R. Botha.

Mag DF netbal op 2006 se suksesse voortbou!

(Mev. S. Ferreira)

3.8.10 **RUGBY**

Alhoewel ons heel boonste en heel onderste spanne vanjaar gesukkel het, het ons ander spanne 'n redelike suksesvolle seisoen beleef. Die o/14 liga is 'n bekommernis - aangesien so baie van die seuns in graad 8 nie meer onder 14 is nie, sukkel ons met getalle.

Ons het vanjaar twee verteenwoordigers in die provinsiale spanne gehad. Steffan Raubenheimer het die O.P. by die Cravenweek verteenwoordig en Corné Schoeman is vir die O.P. Akademie span gekies. Ruben Botha het ook die eer gehad om sy vyftigste westryd vir die eerstespan te speel.

Die toekenning vir "Span van die Jaar" het vanjaar aan die o/15 span gegaan. Ons sal dié spelers se ontwikkeling in die senior spanne volgende jaar met groot verwagting dophou. Daar is 'n paar belowende spelers in die groep.

Die suksesse wat behaal word teen groter skole (met relatief min spelers tot ons beskikking) kan grootliks toegeskryf word aan spanwerk en afrigters wat baie betrokke is by hul spanne en spelers. Die rol wat die ondersteuning van ouers, oudskoliere en belangstellendes speel kan ook nie te gering geskat word nie. Baie dankie vir julle getroue ondersteuning.

Sonder ons borge kan ons nie voorsien in die behoeftes van sport op skoolvlak soos wat dit vandag bedryf word nie. Báie dankie vir bydraes gelewer deur die volgende: Pick 'n Pay, Jakes van der Merwe en Rezone.

Spesiale dank aan al die afrigters vir die lang ure wat elkeen ingesit het om van die seisoen 'n sukses te maak - veral diegene wat nie op die personeel is nie, maar help uit belangstelling en liefde vir die spel.

Baie dankie aan afrigters, vriende van DF en unie skeidsregters wat Saterdae ons wedstryde hanteer het. Dit is vir my baie belangrik dat die persone wat skole wedstryde hanteer meer bedank en minder gekritiseer word.

'n GROOT dankie aan mnr. Johan Smit en sy noodhulpspan asook aan mev. Van Tonder wat hom bygestaan het - sonder noodhulp by 'n veld mag ons nie rugby speel nie.

Baie dankie aan individue wat in hul private hoedanigheid rugbybeurse geborg het. Dankie aan die getroues wat Saterdae hand bysit met wat ookal gedoen moet word.

Rugby uitslae 2006

Span	**Speel**	**Wen**	**Verloor**	**Gelykop**
Eerste	15	4	8	3
Tweede	13	8	4	1

Span	Speel	Wen	Verloor	Gelykop
Derde	11	8	3	0
Vierde	9	5	4	0
o/15A	12	9	3	0
o/15B	8	4	4	0
o/14A	11	1	10	0

(Mnr. E. Erasmus)

3.8.11 **SKAAK**

Ses van DF se leerders is in die O.P. span opgeneem en het gedurende Desember 2005 aan die S.A. Kampioenskappe deelgeneem. Eduard Prinsloo en Johannes Naudé het elk ‘n goue medalje en bordprys gekry. Wessel van Wyk kry ‘n bordprys. Ruan Prinsloo en Heinrich Basson eindig onderskeidelik negende en tiende in die o/16 afdeling en wen elk ‘n bordprys en goue medlaje. Hulle is altwee gekies om Suid-Afrika vanjaar in Griekeland te verteenwoordig. Ruan Prinsloo is toe saam met die Springbokspan Griekeland toe waar hy baie goed presteer het.

Aan die begin van die jaar het DF aan ‘n toernooi in Bloemfontein by Grey Kollege deelgeneem. Van die beste skole oor die hele Suid-Afrika is genooi om aan die toernooi deel te neem. Ons het twee spanne, bestaande uit vier spelers elk, vir die toernooi ingeskryf. Ons span in die B-liga het eerste en die span in die A-liga vierde (slegs 1 punt verskil tussen tweede en vierde plek!) gekom.

Gedurende die eerste kwartaal het Heinrich Basson die eerste en Wessel van Wyk die tweede plek by ‘n interne DF blitstoernooi behaal.

Die volgende prestasies is by die O.P. toernooie wat gedurende die tweede kwartaal plaasgevind het, behaal: in die o/20 afdeling: Eduard Prinsloo derde, Heinrich Basson vierde, Wessel van Wyk vyfde en Christiaan Crouse elfde; in die o/16 afdeling: Nicola Alberts sewende - sy het die prys as top meisie gewen - en Ruan Prinsloo tiende. Die hele eerstespan (7 leerders) is gekies vir die O.P. span wat in Julie aan ‘n toernooi deelgeneem het.

Tydens die O.P. Kampioenskappe wat gedurende die derde kwartaal plaasgevind het, het ons spelers soos volg presteer: Ruan Prinsloo behaal ‘n sesde plek (o/16), Nicola Alberts ‘n agste (o/16), Wessel van Wyk ‘n tweede (o/20), Christiaan Crouse ‘n negende (o/20) en Johannes Naudé ‘n veertiende plek (o/20). Al sewe spelers is gekies vir die onderskeie O.P. spanne vir die Nasionale Kampioenskappe in Pretoria.

Vir die liga-wedstryde het DF drie spanne in ligas A, B en D ingeskryf. Die eerstespan wen al sy wedstryde, maar ons moet die volgende wedstryde uitlig: ons klop ons sterkste teenstanders naamlik Brandwag 7 - 0 (hulle het vyf O.P. spelers) en Grey 4 - 3 (hulle het ses O.P. spelers). Ons het ook ‘n tuiswedstryd teen Grey Kollege Bloemfontein gespeel en wen 5 - 3.

DF het weer aan die Top Skole toernooi, wat op baie kort kennisgewing in George gehou is, deelgeneem. Die toer was baie lekker en die feit dat ons tweede in die land gekom het, het dit net nog lekkerder gemaak.

By die jaarlikse Sport Prysuitdeling het Heinrich Basson die Jacques van Wyk beker vir die beste skaakspeler verower en Ruan Prinsloo die beker vir die beste vordering.

Ons leerders het deur die loop van die jaar aan verskeie toernooie deelgeneem waar hulle baie goeie prestasies behaal het. Gedurende die Junie-vakansie het Christiaan Crouse, Wessel van Wyk, Ruan Prinsloo, Eduard Prinsloo en Nicola Alberts onder andere aan die S.A. Ope en die Afrika Amateur-toernooi deelgeneem. In die S.A. Ope B-liga het Ruan vyfde en Nicola derde geëindig. Heinrich Basson het aan die Arosa Internasionale Skaaktoernooi in Switserland deelgeneem. Hy behaal ‘n eerste plek in die Junior afdeling en ‘n algehele eerste plek in dié kompetisie. In die blits-toernooi het hy ‘n tweede plek behaal. Voorwaar puik prestasies!

Dankie aan al die leerders wat so hard deur die jaar geoefen en pligsgetrou was. Dankie ook aan hulle ouers wat so betrokke is by DF se skaak. ‘n Spesiale dank aan ds. Carl Crouse vir sy betrokkenheid by DF se skaak en sy hulp met die afrigting. Ons sal graag die Top span in Suid-Afrika wil wees wat dan genooi word om oorsee te gaan speel. Ons sal ook graag in die komende jaar ‘n sportsielkundige vir die span wil aanstel.

(Mnr. F. O’Connell)

3.8.12 **TENNIS**

Ons tennisspelers het vanjaar baie entoesiasties aan die verskillende ligas deelgeneem. In die eerste kwartaal het ons vier dogterspanne en drie seunspanne ingeskryf.

In die winterseisoen het ons dogters ook teen ‘n toerspan van Hoërskool Windhoek gespeel en met vier wedstryde teen twee gewen.

Tydens Interskole het die dogters vir Nico Malan 42 - 34 geklop. Die seuns het ongelukkig hul kragmeting teen Nico Malan verloor.

In die vierde kwartaal het twee seunspanne en twee dogterspanne aan liga-wedstryde deelgeneem en goed gevaar. Ons sien uit daarna om aanstaande jaar op hierdie goeie begin voort te bou.

‘n Spesiale woord van dank aan die graad 12 dogters wat oor die jare baie getrou en entoesiasties vir DF gespeel het.

Aan al ons spelers, ook die sosiale spelers, hul ouers en personeel betrokke: baie dankie vir u bydrae.

(Mej. M. Scholtz)

3.9 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2006**

Atletiek	:	Natascha de Villiers, Natasja Gerber, Bianca Groenewald, Lily Seyisi, Samantha van Zyl, Janneke Wolmarans Oos-Kaap: Natascha de Villiers, Natasja Gerber, Samantha van Zyl, Janneke Wolmarans
Fietsry	:	Coenie van den Heever
Hengel	:	Kus: Andrew Hayward, Ruben Hayward Varswater: Marcel Steunenberg, Sherise van Dyk (beide in **Suid-Afrikaanse** spanne)
Karate	:	**S.A.**: F.G. van Wyk
Koor	:	Oos-Kaapse Jeugkoor: Lizanne du Plooy, Hendry du Toit, Herman Geyer
Krieket	:	Binnenshuis: Ryno van Zyl (ook **S.A.**) Dogters: Heidi Felix, Janita Trytsman, Berndine Waldeck
Landloop	:	Natascha de Villiers, Ané Ferreira Oos-Kaap: Natascha de Villiers
Muurbal	:	Lizelle Steunenberg
Netbal	:	Oos-Kaap: Natasja Gerber, Kerry-Ann Meyer, Lily Seyisi, Larita van Wyk
Pluimbal	:	Morné van der Merwe
Rugby	:	Steffan Raubenheimer O.P. Akademie: Corné Schoeman
Sierswem	:	Ané Ferreira, Jeannè Scholtz, Wilmie Scholtz **S.A.**: Jeannè Scholtz
Swem	:	Adri Louw
Skaak	:	Nicola Alberts, Heinrich Basson, Christiaan Crouse, Johannes Naudé, Eduard Prinsloo, Ruan Prinsloo, Wessel

van Wyk

Tweekamp : Meake Brown, Ané Ferreira, Natasja Gerber, Lenel Oosthuizen

3.10 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

3.10.1 **Toneel**: Die Algoa-baai Raad vir Bejaardes het met groot lof gepraat van Chris-Marie Kitshoff en Pieter Alberts se optrede in 'n toneelstuk van Linda-Louise Swain in 'n program om die publiek bewus te maak van die mishandeling van bejaardes. Tanya Dutton en Carmen van Heerden het aan die *Show Time* program in die Operahuis deelgeneem en ons skool se naam hoog gehou.

3.10.2 **Voortrekkers**: Seugnet Horn en Charlotte Hauman het uitsonderlik presteer toe hulle die baie veeleisende Hoofleierswag eksamen geslaag het. Charlotte het toe verder die besondere prestasie behaal om die Voortrekkers se hoogste toekenning, naamlik dié van Presidentsverkenner, te verwerf. Ons haal aan uit die brief wat ons van die Gebiedsekretaris van die Kaaplandse Voortrekkers ontvang het: "Dit is voorwaar 'n besondere prestasie om hierdie toekenning te ontvang en span die kroon oor baie jare van volharding en toewyding. Nadat die kandidaat deur 7 verskillende panele getoets is, is ons daarvan oortuig dat sy 'n baie besondere jongmens is wat oor pragtige kwaliteite van hoof en hart beskik." Sy en Seugnet het hul toekennings by 'n spoggeleentheid in Oos-Londen ontvang.

3.10.3 ***Die Burger* Jeugleierskonferensie**: Lizelle Steunenberg is gekeur om hierdie gesogte konferensie van hoofleiers tussen 1 en 7 Desember in Kaapstad by te woon.

3.10.4 **Rotariër toekenning**: Tanya Dutton het die Rotariër *Four-way test* toekenning ontvang. Dit is 'n baie gesogte toekenning wat gedoen is op grond van die vier beginsels van Waarheid, Regverdigheid, Goeie menseverhoudinge en Voordeligheid vir betrokkenes.

3.10.5 **Matriek-van-die-jaar kompetisie**: Charlotte Hauman en Janneke Wolmarans is onder die top 20 van hierdie kompetisie. By die prysuitdelingsfunksie op 6 September het Charlotte een van die vier *Excellence Awards* gewen, naamlik dié vir akademie.

3.10.6 **Krieket** (Binnenshuis): Ryno van Zyl het 'n beker vir die *Most Valued Player* en 'n medalje vir die beste kolwer by 'n nasionale byeenkoms ontvang waar hy vir die Suid-Afrikaanse span gespeel het.

3.10.7 **Gholf**: Sean Roux is gekies om in die S.A. Foundation O/16 Gholf toernooi te speel. Sean het vanjaar in 'n wedstryd teen Grey, Brandwag en Despatch 27 punte behaal - die beste telling in DF se geskiedenis.

3.10.8 **Muurbal**: Lizelle Steunenberg het by 'n interprovinsiale toernooi in Kaapstad vyf van haar sewe wedstryde gewen.

3.10.9 **Tweekamp**: Lenel Oosthuizen het by 'n Interprovinsiale byeenkoms in Oudtshoorn vierde in die seuns o/19-afdeling geëindig.

3.10.10 **Padwedlope**: Garth van Eck het die 15 km Sportman's Warehouse wedloop in 62:46 minute voltooi. Hy het aan die Memorial 21 km wedloop deelgeneem en 'n baie goeie tyd van 89:02 minute behaal.

Ons hokkie- en netbal-dogters het op 'n baie koue en nat Saterdag-oggend die 5 km SPAR-wedloop voltooi. Ané Ferreira het 'n negende plek in 'n tyd van 20:34 behaal. Mev. McFarlane en Juanita Fourie het DF in die 10 km verteenwoordig en baie goed gevaar.

Dewald van Wyk het aan die Knysna Straatmyl deelgeneem en onder die top 10 in sy ouderdomsgroep geëindig.

Reginald Hufkie behaal 'n uitstekende vyfde plek in die *Caltex/Algoa FM Big Walk for Cansa* uit meer as 2 000 deelnemers (5 km draf).

3.10.11 **Ballet en Dans**: Roselle Otto het by die prysuitdeling van *Hip-Hop* dans die volgende pryse gewen: wenner in haar klas, die eerste jaar toekenning en 'n goue medalje. Sy het by dié geleentheid in 'n groep item deelgeneem en 'n solo gedans.

Lara Zeelie en Emma Kotze het beide rolle in *Beauty and the Beast*, die jeugballetproduksie, verwerf. 'n Besondere eer het Beáte Barnard te beurt geval toe sy die hoofrol van *The Enchantress* gekry het in hierdie jeugballet.

By die P.E. Dansfees het ons leerders soos volg presteer: Zené Annandale (1 brons, 2 silwer); Emma Kotze (2 silwer, 1 goud); Jani van Wyk (2 goud); Beáte Barnard (2 silwer, 1 goud); Amari Annandale (1 goud); Lara Zeelie (1 goud); Annette Greyling (4 brons) en Alet du Toit (2 silwer).

Emma Kotze en Jani van Wyk het in die opera *Amahl and the Night Visitors* gedans. Hule het groot lof vir hul optrede ontvang.

Vir 'n balleteksamen het ons leerders soos volg presteer: Jani van Wyk behaal 'n A vir haar *Badge Test*, Emma Kotze slaag "Advanced Foundation" met meriete en Beáte Barnard behaal 'n A+ vir haar *Badge Test*.

Karlien Matthee en Jeannè Scholtz het albei hul eksamen by "Dance Dynamics" met lof (80+) geslaag. Jeannè het ook die beker vir die *Most Diligent Modern Dancer* ontvang.

3.10.12 **Fietsry**: Tydens die O.P. O/16 Fietsry kampioenskappe het Coenie van den Heever die volgende uitslae behaal: die padfietswedloop van 75 km het hy in 2 uur 11 min. en 43 sek. voltooi en behaal 'n sesde plek; die tydtoets van 20 km het hy in 33 min. en 26 sek. voltooi en 'n vyfde plek behaal. Tydens 'n interskole kompetisie het hy 'n tweede plek in die kategorie o/10 tot juniors behaal.

3.10.13 **Swem**: Adri Louw het gedurende 2005/2006 aan verskeie galas deelgeneem en het die volgende medaljes ontvang: 6 goud, 12 silwer en 5 brons. Adri het ook deelgeneem in die Ope- Vrouegroep (alle ouderdomme bo 16) en het gekwalifiseer om aan die Nasionale Kampioenskappe (National Prestige Gala) deel te neem.

Meake Brown het ook 'n mooi klomp medaljes by swemgalas in die loop van die jaar gewen.

3.10.14 **Sierswem**: Die Nasionale byeenkoms is gedurende Desember 2005 in P.E. gehou. Ons leerders presteer soos volg: Ané Ferreira, Wilmie Scholtz en Jeannè Scholtz verwerf elkeen 'n goue medalje in die "Trio" item. Ané, Jeannè en Wilmie verwerf ook elkeen 'n silwer medalje in die "Senior Groepe" item. Ané verwerf ook 'n brons medalje vir die "Combo span" item. Jeannè kwalifiseer om aan die proewe vir die S.A. o/15 span deel te neem.

Jeannè en Wilmie het die O.P. by die USSASA Swembyeenkoms vir S.A. Hoërskole in Johannesburg verteenwoordig. Wilmie het 'n goue medalje vir haar deelname aan die Trio item gewen. Jeannè het 'n sewende plek in die Solo item gewen.

By die S.A. Intermediêre Nasionale byeenkoms in Durban het Ané Ferreira, Jeannè Scholtz en Wilmie Scholtz 'n silwer medalje vir die "Combo"-groep gewen. Ané het 'n goue medalje in die Junior-groep gewen. Jeannè en Wilmie het onttrek om betyds vir die ATKV Debat Streekskompetisie terug te wees.

3.10.15 **Driekamp**: DF het 'n span vir die jaarlikse "Corporate Triathlon" ingeskryf. Meake Brown (graad 8) het die swem van 380 m gedoen, mej. Alet Carstens die draf van 4,2 km en mev. Sandra Ferreira die fietsry van 18 km. Hulle het uitstekend gevaar deur die Vroue-afdeling te wen!

3.10.16 **Ysterman**: Heinrich Thiart het aan die voor-ystermankompetisie deelgeneem. Hy het die 360 m swem, 18 km fietsry en 4,2 km draf in 75 minute voltooi.

3.10.17 **Karate**: Kristine Dutton het 'n silwer medalje by die Nasionale Karate kampioenskappe ontvang. F.G. van Wyk het aan die JSKA Wêreldkampioenskappe in Manhattan, New York deelgeneem. Hy het 'n silwer medalje in die gevegsafdeling (Kumite) en 'n brons medalje in die Kata-afdeling verower. 'n Pragtige prestasie aangesien daar lande soos Rusland, Engeland, Mexiko, Duitsland, Italië en vele ander deelgeneem het.

3.10.18 **Hengel**: Marcel Steunenberg is vir die SAVOF Junior Protea Buitelandse Span gekies om aan die Wêreldkampioenskappe in Tsjeggo Slowakye te gaan deelneem. Hy is een van sewe hengelaars wat uit 95 hengelaars gekies is.

3.10.19 ***Supermotard***: Morné Janse van Rensburg het eerste geëindig by 'n Oos-Kaap & Grens wedren. Hy behaal 'n eerste plek by die Oos-Kaap en Grens streek *Motocross* kampioenskappe en eindig derde in die S.A. Supermotard kampioenskappe.

3.10.20 ***Blackpowder Shooting***: Calvin Kleyn het 'n eerste plek behaal in die Junior-afdeling van hierdie kompetisie.

3.10.21 **Junior Mej. P.E.-kompetisie**: Lézanne McHugh is gekies as een van die finaliste van hierdie kompetisie. Zanel Botha is as tweede prinses van hierdie kompetisie

aangewys.

Mej. Nelson Mandelabaai kompetisie: Bianca le Roux is as eerste prinses in hierdie kompetisie aangewys.

Mnr. en mej. Oos-Kaap Hoërskole: Lara Zeelie, Beáte Barnard, Steffan Raubenheimer en Dewald de Vos het aan dié kompetisie deelgeneem. Baie geluk aan Beáte, Steffan en Dewald wat onder die top 10 was in die seuns en meisies afdeling.

As jy dink jy is te klein om effektief te wees,
was jy nog nooit in die donker saam met 'n muskiet nie.
ANONIEM

Much have I learned from my teachers,
more from my colleagues,
but most from my students.
TALMUD

4. **FINANSIES**

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R2 358 280
Ander Inkomste	402 531
TOTAAL	**R2 760 811**
BETALINGS	
Alarm	7 648
Assuransie	45 340
Fotostaatmasjien	161 919
Brandstof en reparasies (voertuie)	37 430
Munisipale dienste	112 163
Administratiewe koste:	
Telefoon	92 038
Skryfbehoeftes (kantoor)	38 946
Instandhouding	165 189
Prysuitdeling	29 128
Sportfasiliteite	92 230
Skryfbehoeftes (leerders)	9 288
Kultuur	38 927
Advertensies	23 929
Bankkoste & Ouditgelde	31 370
Posgeld	5 091
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	36 267
Vakuitgawes	144 026
Salarisse	1 471 957
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	158 221
Kampe	17 405
Rekonstruksie en Ontwikkeling	31 612
Lening	176 587
TOTAAL	**R2 926 711**

5. **IN MEMORIAM**

Lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Riana Steyn:	moeder
André Thuynsma:	vader
Mnr. J. de Jager:	moeder
Mev. M. Hanekom:	moeder
Mev. M. McFarlane:	moeder
Mev. M. Scholtz:	suster en skoonmoeder
Mev. A. van der Merwe:	moeder
Mnr. N. Vorster:	suster

6. **ALGEMEEN**

6.1 **GEBEDSGROEP**

'n Groepie ma's - gewoonlik vier in getal - kom gereeld op Dinsdagoggende bymekaar om vir die skool, sy mense en aktiwiteite te bid. Personeellede het geleentheid om sake deur te gee. Hierdie is 'n onontbeerlike en kosbare deel van ons skool - nog ouers is beslis welkom om te kom aansluit!

6.2 **D.F. MALHERBE GEDENKWEEK**

Die Gedenkweek (16 - 19 Mei) het afgeskop met die Eenbedrywe op 16 Mei. Die Eenbedrywe is deur leerders self geskryf en geregisseer.

Die hoogtepunt van die week was die Gedenklesing op 18 Mei waar die bekende digter Lina Spies as spreekster opgetree het. Sy het gepraat oor "Van D.F. Malherbe tot vandag. Hoe is dit gesteld met die Afrikaanse poësie?".

Oud-Malherbiet mnr. Japie Engelbrecht (Junior) het 'n oorkonde ontvang vir sy prestasies van internasionale gehalte op Fisika-gebied.

Vrydagaand 19 Mei is die week op 'n vrolike noot afgesluit met die optrede van Richard van der Westhuysen en Lochner de Kock.

(Mev. M. Röth)

6.3 **BEMARKING**

'n Jaar vol hoogtepunte het verbygevlieg! Op Vrydag 3 Maart 2006 ontvang ons twee topkunstenaars naamlik Jannie Moolman en Rina Hugo wat in 'n vol Loubser Ouditorium in Somerstrand optree. 'n Netto wins van ± R13 753,00 word gemaak.

Op Donderdagaand 14 September het ons jaarlikse dinee in die Veremarksentrum plaasgevind. Die internasionale rugby-skeidsregter, André Watson, en die sanger, Jannie Moolman, sorg vir 'n absolute hoogtepunt. 325 gaste het die aand terdeë geniet en ± R24 000,00 is ingesamel.

Op Donderdagaand 23 November het ons skool tydens 'n borge-aand vir baie van ons borge en vriende met 'n vinger-ete dankie gesê vir hul lojale ondersteuning gedurende die jaar. Ongeveer 65 gaste het die funksie bygewoon en goeie verhoudinge is verder versterk.

Gedurende die jaar is verskeie borge bekom, bv. die Klini Care Groep (R8 500), Parmalat (R10 800), ens. Al die bogenoemde funksies en borge het dan ook 'n totale inkomste van ± R196 857,00 vir die jaar gelewer.

'n Nuwe jaar vol opwinding en uitdagings lê voor, en met geloof en vertroue wil ons dit graag aanpak.

(Direkteur Bemarking: Nardo Vorster)

6.4 **OUDSKOLIERE**

Die komitee vir 2006 was:

Voorsitter	:	Bennie de Klerk
Onder-voorsitter	:	René de Klerk
Sekretaris	:	Nardo Vorster
Hulp-sekretaresse	:	Elsa Serfontein
Addisionele lede	:	Carol Tonkin
		Sheron van Wyk
		Johan Dawson

Verskeie oudskoliere het gedurende die jaar kom inloer. Een van hulle was Sarel Kruger (1978) en sy gesin wat kom kuier het. Hy is verbonde aan die SA Ambassade in Israel en verteenwoordig ons land op diplomatieke vlak. DF is baie trots op hom!

Die klas van 1996 het 'n reünie gereël wat met groot entoesiasme bygewoon is.

Ons jaarlikse Oudskolieredag het op 4 November plaasgevind. Die dag het afgeskop met twee oudskoliernetbalspanne en twee rugbyspanne wat teen mekaar gespeel het. Alle ouderdomme, van "bejaardes" tot "adolessente" is in die spanne opgemerk! Gelukkig was daar geen ongevalle nie! Gedurende die aand het 'n spitbraai plaasgevind en almal (± 300) het tot laataand (vroegoggend) gekuier.

(Mnr. N. Vorster)

6.5 **'N BESONDERE GEBEURTENIS**

Iets besonders waarvoor 2006 onthou sal word is toe die skool gedurende Augustus in opdrag van die Departement tydelik gesluit is as gevolg van die vloede wat Port Elizabeth getref het. Dit het onder andere ook meegebring dat ons Interskole teen Nico Malan na die vakansiedag van 9 Augustus verskuif moes word.

7. **'N DRINGENDE VERSOEK**

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra - ons het u voorbidding steeds baie nodig.

8. **TEN SLOTTE**

My hartlike en opregte dank aan

- elke Malherbiet-leerder, die mense om wie alles tog maar uiteindelik hier gaan, vir julle bydrae en vriendelikheid;
- die Beheerliggaam vir onbaatsugtige diens;
- ons span opvoeders vir harde werk ten spyte van so baie belemmerende faktore;

- ons administratiewe personeel wat weer geslaag het om hulle (dikwels ondankbare) werk met soveel vriendelikheid en geduld te doen;
- ons bemarkingsbeampte en sport-organiseerder vir julle groot bydrae in belang van DF;
- ons voorman en terreinpersoneel vir baie harde werk wat so dikwels nie raakgesien of waardeer word nie;
- ons ouers vir voorbidding, ondersteuning, vriendelikheid en betrokkenheid, o.a. deur die OOV en Ondersteunersvereniging (ook dié ouers wat so dikwels moet help met toesig);
- ons media-konsultant vir lojale diens van hoë gehalte;
- ons donateurs uit oudleerling-, ouer-, sake- en kerklike geledere;
- die personeel van ons distrikskantoor;
- ons Onderwys-ontwikkelingsbeampte, mnr. A. van Heerden, vir sy bystand;
- die LUR, mnr. Matomela, vir dit wat hy vir Oos-Kaap onderwys doen;
- ons liefdevolle, genadige en getroue Hemelse Vader, want ná nog ‘n jaar kan DF nog steeds sê

Geloof sy die Here!
Dag na dag dra Hy ons!
God is ons hulp!
Ps. 68 : 20

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

1 DESEMBER 2006

God roep jou nie
om ’n sensasie te word nie,
Hy roep jou
om ’n dienskneg te word.
MOEDER TERESA

A child's life is like
a piece of paper
on which
every passerby
leaves a mark.
ANCIENT CHINESE PROVERB